First CGA CITRUS SUMMIT 11-12 March 2015

justchad_cga

Citrus Growers' Association of Southern Africa
Grower levies working for you!

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (5/15)

*Justin Chadwick (20 Februarie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Everything that is great has been done by youth" Benjamin Disraeli***


## BELê IN DIE JEUG (VIR JOU EIE TEVREDENHEID)

Hierdie jaar het ek finaal klaar skoolgeld betaal en my era van betaling van Universiteitsfooie betree. Ek was aangenaam verras toe ek my seun by NMMU George kampus gaan aflaai het (alhoewel nie vir my bankrekening nie!!). George Kampus moet in die mooiste omgewing van alle tersiêre onderwysinstellings in Suid-Afrika geleë wees – genestel in die inheemse woude, word die kampus baie mooi onderhou. Die vreugde wat ek ondervind het was nie net van die omgewing nie, maar ook van die studente. Ek het drie damesstudente opgelaai wat geryloop het (ja jy kan steeds ryloop in George – selfs 'n jong dame) en hul 'n geleentheid gegee vir die tien kilometer vanaf George na die kampus. Reg van die begin het hul my oorweldig met hul positiewe gesprekke oor die kursusse wat hul volg, hul entoesiasme oor wat hul beplan om te doen as hul klaar gestudeer het (hul is almal in hul finale jaar en dien op die verskillende huiskomitees) en hul lojaliteit teenoor George kampus en NMMU. Ek het soortgelyke entoesiasme, positiewe houdings en energie ondervind tydens al my ontmoetings met Citrus Academy studente; ongelukkig as ek met mense van my eie ouderdom meng sterf hierdie entoesiasme vinnig – praat oor alles wat verkeerd is in die land en hope negatiewe kommentaar op enige positiewe gedagte (ek besef ek veralgemeen). Ek wil almal aanmoedig om by die jeug betrokke te raak en hul te help om te besef dat deur hul drome te verwesentlik word Suid-Afrika bevorder (ek bedoel die werklike jeug en nie die "pretender red tellietubbies" nie) – jy sal oor en oor beloon word (vra net diegene in die sitrusbedryf wat reeds die Citrus Academy studente ondersteun deur beurse, vakansiewerk of indiensneming van interns). As jy wil sien hoe jy betrokke kan raak gaan na die Citrus Academy se webtuiste www.citrusacademy.co.za .

## SITRUS SUMMIT VERWELKOM ADDISIONELE BORGE

CGA se vermoë om 'n onvergeetlike Eerste CGA Sitrus Summit aan te bied, het 'n hupstoot gekry deur die ruim borgskap van die Platinum Borg – **STANDARD BANK,** en die addisionele Goue Borg, die **FPT GROEP**. Bykomende borge **GRANOR PASSI en PPECB** het dit moontlik gemaak dat CGA die registrasiefooie laag kon hou terwyl daar verseker word dat die Summit waarde sal inhou vir die wat dit gaan bywoon. Fanie Meyer (0828559949 of meyerf@mweb.co.za) is besig om 'n fantastiese gholfdag (10 Maart) by waarskynlik die beste gholfbaan in Suid-Afrika te reël terwyl CGA se personeel 'n uitstekende velddag gereël het (of 10 of 13 Maart). Vir die wat van ver reis, die Summit word op die voorstoep van die Kruger Park gehou – gaan kyk leeus (en dit is nie die tipe wat tweede teen die Sharks môre gaan kom nie).

## SUID-AFRIKA WORSTEL MET DROOGTE




Suid-Afrika se huidige reënval is laer as die gemiddelde. Die gebrek aan reën hou reeds erge gevolge in vir die suikerbedryf, veral die reën afhanklike dele in Kwazulu Natal. Een meul gaan beslis nie in 2015 oopmaak nie; terwyl daar gerugte is dat ander meulens ook dié pad vir die jaar gaan volg. Die graanbedryf ondervind ook lae reënval tydens 'n kritieke tyd – met mielies se toekomstige pryse wat alreeds 'n verwagte daling in oeste reflekteer. Dit sal 'n belangrike effek op voedselpryse en voedselsekuriteit hê. In die sitrusbedryf werk besproeingssisteme al om die uur om vrugontwikkeling te verseker; maar dit kompenseer nie ten volle vir die gebrek aan reën nie. Gelukkig is die meeste damme op 'n redelike vlak – op 16/2 was vlakke van damme in die Limpopo 91% vol (2014 83%); Noord-Kaap 86% (2014 82%); Mpumalanga 93% (2014 95%). Die Ooskus van Suid-Afrika is die meeste geraak met KZN 73% (2014 85%) en Oos-Kaap 77% (2014 84%). In die Wes-Kaap met winter reënval is damme 62% vol (2014 79%).

## DAAR IS WATER IN DIE DUSI

Geluk aan CGA se Inligtingsbestuurder John Edmonds wat hierdie jaar met sy suster gaan meeding in die Dusi Kano Marathon. Die voormalige Dusi champ neem deel aan sy 38ste Dusi Kano Marathon!!!

## TWITTER – BYNA 100

Anders as David Miller en JP Duminy wat fantastiese honderdtalle gekry het toe Suid-Afrika die begeesterde Zimbabwe gewen het; bly my "Twitter followers" egter op 98 – volg my asseblief op justchad_cga sodat ek ook 'n honderdtal kan kry.

**SITRUSPRODUSENTE IN SUIDER-AFRIKA HET BELÊ IN HUL TOEKOMS DEUR DIE STIGTING EN VOORTGESETTE BEFONDSING VAN DIE CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC EN CITRUS ACADEMY**